



Augustus 2020

## RYNVAART, SWARTWOUD EN SWITSERLAND

28 April/6 Mei – 10/17 Mei 2021

### NADERE BESONDERHEDE

**OPSIES EN TOERPRYS:** Hierdie gewilde toer bied drie opsies vir 2021. Die program bestaan uit 6 nagte op die MS Beethoven op die Ryn, twee nagte in die Swartwoud en twee of nege nagte in die Switserse Alpe, of net 'n nege-nagte besoek aan Switserland in.

#### **OPSIE 1: RYNVAART, SWARTWOUD EN SWITSERLAND 28 April – 10 Mei**

**Prys:** R43 770 plus lughawebelasting en footjies van ongeveer R8 550 en koste van visum en reisversekering, wat volgens eie behoefte bepaal word (sien NIE INGESLUIT BY DIE TOERPRYS NIE).

#### **OPSIE 2: SOOS OPSIE 1, MAAR MET 9 NAGTE IN SWITSERLAND 28 April – 17 Mei**

**Prys:** R62 930 plus lughawebelasting en footjies van ongeveer R9 200 en koste van visum en reisversekering, wat volgens eie behoefte bepaal word (sien NIE INGESLUIT BY DIE TOERPRYS NIE).

#### **OPSIE 3: 9 NAGTE IN SWITSERLAND 6 – 17 Mei**

**Prys:** R32 950 plus lughawebelasting en footjies van ongeveer R7 620 en koste van visum en reisversekering, wat volgens eie behoefte bepaal word (sien NIE INGESLUIT BY DIE TOERPRYS NIE).

#### **INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:**

- Retoervlug met **Lufthansa** vanaf **Johannesburg** via Frankfurt na Amsterdam en terug vanaf Zürich met **Swiss Air** na Johannesburg (opsies 1 en 2). Retoervlug vanaf Johannesburg na Zürich met **Swiss Air** (opsie 3)
- Vervoer per luukse bus
- Besoek Zaanse Schans, Keukenhof en Volendam (opsies 1 en 2)
- Opwindende bootvaart op die Ryn vanaf Amsterdam tot in Strasbourg. Alle kajuite het buitevensters en kyk uit op die rivier. Stap verskeie kere aan wal vir interessante besoeke (opsies 1 en 2)
- Uitstappie na die Franse Platteland (opsies 1 en 2)
- Voldagbesoek aan en twee nagte verblyf in die Swartwoud (opsies 1 en 2)
- Twee nagte (Opsie 1) en nege nagte (Opsies 2 en 3) in hotel in Beatenberg
- Drie etes per dag plus gratis tee, koffie en drinkwater op die boot (Opsies 1 en 2)
- Twee etes per dag in hotelle (Opsies 1, 2 en 3)
- Afrikaanssprekende toerleiers vergesel groep
- **Opsie 1:** Keer terug op **9 Mei** vanaf **Zürich** vir aankoms op **10 Mei** in **Johannesburg**  
**Opsies 2 en 3:** Keer terug op **16 Mei** vanaf **Zürich** vir aankoms op **17 Mei** in **Johannesburg**

#### **NIE INGESLUIT BY DIE TOERPRYS NIE:**

- Lughawebelasting: Die lughawebelasting is gekoppel aan die wisselkoers en beloop vir die verskillende vlugte tussen ongeveer R7 000 en R7 600
- Footjies: Toerleiers oorhandig dit namens u aan die busbestuurders, boot-, hotel- en ander dienspersoneel. Footjies per persoon:  
**Opsie 1:** ± R1 350  
**Opsie 2:** ± R2 000  
**Opsie 3:** ± R1 080
- Visums: Vir Opsie 1 benodig u 'n Duitse Schengennisum en vir Opsies 2 en 3, 'n Switserse Schengennisum. Begroot hiervoor ongeveer **R1 450**. Volledige inligting oor die visumaansoekproses volg later in 'n Omsendbrief
- Reisversekering, waarvoor u later volledige besonderhede sal kry

- Persoonlike uitgawes soos telefoonoproepe, aandenkings, drankies, ekstra verversings ens.
- Paspoorte – verkryging daarvan
- Vervoer na en van SA lughawens
- Binnelandse aansluitingsvlugte na O.R. Tambo-lughawe (indien van toepassing)
- Opsionele daguitstappies in Switserland
- Enkelverblyfbybetaling (indien van toepassing)

MS Beethoven:	R6 600 (enkelgebruik van dubbelkajuit)
Hotel in Swartwoud en 2 nagte in Switserland:	R1 988
Hotel in Swartwoud en 9 nagte in Switserland:	R4 886
Hotel in Switserland (9 nagte):	R3 726

**Dus:**

- Opsie 1: R8 588
- Opsie 2: R13 474
- Opsie 3: R3 726

**ENKELVERBLYF**

Toerlede kan enkelverblyf op die boot asook die hotel in die Swartwoud en Switserland kry, mits hulle bereid is om 'n bedrag by te betaal – sien vorige punt. Alternatiewelik kan u versoek om met een van die ander enkellopende toerlede 'n kajuit/kamer te deel, indien u nie die enkelbetaling wil doen nie.

**INSKRYWING**

Vul asseblief die Inskrywingsvorm in en teken die Vrywaringsvorm, al het u dit verlede jaar gedoen. Dui duidelik aan watter opsie u verkies.

U ontvang binnekort Omsendbrief 1 met alle nodige besonderhede in verband met klere wat u moet saamneem en dies meer. Daarna ontvang u nóg omsendbriewe met nuus en inligting. **Laat weet ons asseblief skriftelik indien enige van u kontakinligting soos adres-, e-posadres of telefoonnommer(s) verander.**

**BEREKENING VAN TOERPRYS**

'n Toerprys bestaan hoofsaaklik uit die koste van die vliegkaartjie plus die landreëlings en kan aangepas word indien omstandighede buite ons beheer dit noodsaak. Die vliegkaartjie se prys verander nie. Die lughawebelasting kan verander aangesien dit aan die wisselkoers en brandstofprys op die dag van uitreiking gekoppel is.

**DEPOSITO**

Die toerdeposito beloop **R8 000 per persoon**. U kan dit nou betaal tensy u dit laat oordra het van 2020 af.

**FINALE BETALING**

Die volle toerprys plus alle ander geld (fooitjies, versekering ens.) vir die toer moet vóór **28 Januarie 2021** betaal word. (Tref asseblief vroegtydig die nodige reëlings dat u geld betyds beskikbaar is.)

**LW: Soos met alle toere, is die prys van dié toer gekoppel aan faktore buite ons beheer wat die toerprys en -program kan beïnvloed.**

**WYSE VAN BETALING**

- **Vliegkaartjies en lughawebelasting kan per kredietkaart betaal word** ná voltooiing van 'n vorm wat ons aan u sal stuur.
- **Bankdeposito/EFT:** Die res van die toerprys (landreëlings) word direk aan Christine van Wyk-Toere betaal deur inbetalings/elektroniese oorplasings, **nadat u inligting in 'n omsendbrief daaroor ontvang het.**
- **Kredietkaartbetalings:** Dit is moontlik om die deposito's en landreëlings met 'n kredietkaart via CvW-Toere se webwerf ([www.travelentoer.co.za](http://www.travelentoer.co.za)) te betaal. **BELANGRIK:** 'n Bankdiensfooi van **4% van die landreëlingsbedrag** geld vir kredietkaartbetalings via die webblad. Hierdie bedrag moet deur inbetalers bereken en ekstra betaal word. Aangesien dit die toerprys onnodig duurder maak, beveel ons dit nie aan nie. **Soos reeds genoem, word betalings (behalwe deposito's) eers gedoen wanneer u per omsendbrief inligting daaroor ontvang.**
- **Kontantinbetalings:** Alle geld wat in banknote inbetaal word, moet die ekstra kontantinbetalingskoste insluit. Vra asseblief u bank hoeveel dit beloop (ongeveer **1% van die inbetalingsbedrag** kan hiervoor begroot word).

**Bankbesonderhede:****Christine van Wyk-Toere****Standard Bank Tjekrekening** (Lopende rekening / Current account)Takkode: **051001**Tjekrekeningnommer: **410 722 782****NB: Gebruik u voorletters en van as verwysing met betalings – nie die toer se naam of u noemnaam nie!****KANSELLASIE**

Indien u genoodsaak is om u toer te kanselleer, geld die volgende voorwaardes en terugbetalings:

Ingeskrewe toerlede wat vóór **28 Desember 2020** skriftelik kanselleer, kry **R7 500** per persoon van die toerdeposito terug. Toerlede wat **daarná, tot 28 Januarie 2021** kanselleer, kry **R7 000** per persoon terug. **Ná 28 Januarie 2021** word **geen deposito's** terugbetaal nie, aangesien u reisversekering dan in werking getree het.

Indien 'n toerlid genoodsaak is om vanweë siekte te kanselleer voordat die finale toerprys betaal is (dit wil sê vóór **28 Januarie 2021**), word die volle deposito minus R500 per persoon by voorlegging van 'n doktersertifikaat terugbetaal.

In geval van kansellasie as gevolg van siekte ná betaling van die volle toerprys, tree u reisversekeringspolis in werking. Sodra die nodige reisversekeringspolis wat vir kansellasiedekking voorsiening maak, uitgeneem is, kan u, indien u moet kanselleer, u geld vanaf die versekeringsmaatskappy terugeis. Dit geld slegs indien die rede vir kansellasie kragtens die polis aanvaarbaar is. Volledige besonderhede oor reisversekering word gestuur aan almal wat inskryf.

**Toerdeposito's van toerlede wat kanselleer, word terugbetaal sodra CvW-Toere u volledige bankbesonderhede skriftelik ontvang het.****VLIEGKAARTJIES EN EIE VLUGTE**

Alle vliegkaartjies word deur **FERNWEH TRAVEL** uitgereik. Die toerprys sluit vliegkaartjies in, maar nie lughawebelasting en binnelandse aansluitingsvlugte na en van Johannesburg nie.

Indien u nie die groepvlug wil gebruik nie, kan die koste van die groepvliegkaartjie van die toerprys afgetrek word. Die afslag ter sprake is:

**Opsie 1: R3 650      Opsie 2: R3 650      Opsie 3: R4 130**

Konsessiehouers en persone met eie vlugte kan hulle in Amsterdam, of waar elders ooreengekom, by die toergroep aansluit

**DIE BOOT**

- Die **MS Beethoven** se kajuite is op verskillende vlakke met goeie uitsig. Die kajuite het twee enkelbeddens en ingeboude kaste. 'n Aparte badkamerarea in elke kajuit beskik oor 'n stort, wasbak en toilet. Haardroërs en kluisse is in al die kajuite beskikbaar. **Kajuite word toegeken volgens die datum van inskrywing.** 'n Mens is bedags selde in jou kajuit. Terwyl die boot vaar, kuier almal gewoonlik heerlik in die ruim sitkamer of op die dek. Die sitkamer het gemaklike stoele en die omgewing kan deur die groot vensters bekyk word. Gratis tee, koffie en drinkwater is 24/7 by die kroeg beskikbaar. Rokers word beperk tot spesifieke areas op die sondek.

**WEGBREKERS**

Dit is moontlik om voor of ná afloop van die toer op u eie te reis (met ander woorde van die bestaande toerprogram weg te breek). Die lugdiens hef 'n wegbrekersfooie van ongeveer R500 indien u u groepvlug wil aanpas.

**PASPOORTE (DRINGEND!)**

**Maak asseblief seker dat u paspoort vir minstens 3 maande ná u terugkeerdatum uit Europa geldig is.** Daar moet ook genoeg skoon bladsye, vir veiligheid minstens drie, in u paspoort wees. Dit is vir visums en doeanestempels.

**LW:** Binnelandse Sake neem gewoonlik ongeveer 3 weke om 'n nuwe paspoort uit te reik. Weens die Covid-19-pandemie kan dit heelwat langer duur. Maak voorsiening vir so 'n moontlikheid. Indien u paspoort nie reg is nie, kan dit veroorsaak dat u nie betyds u visum bekom nie.

**MINDERJARIGES WAT SAAM MET U REIS (Indien van toepassing):**

**BAIE BELANGRIK:** Alle visumaansoeke vir minderjariges moet saam met 'n oorspronklike *unabridged*-geboortesertifikaat ingedien word. 'n *Unabridged birth certificate* verskil van die standaardgeboortesertifikaat wat deur Suid-Afrika se Departement van Binnelandse Sake uitgereik word. Dit bevat onder andere die kind asook albei ouers se volle name en identiteitsnommers op één, amptelike dokument.

Kontak ons indien u beplan om minderjariges saam met u op reis te neem.

**GESONDHEID EN TOERFIKSHEID**

Dit is vanselfsprekend dat iemand wat oorsee wil reis, se fisieke en emosionele gesondheid van só 'n aard sal wees dat hy/sy redelik onafhanklik oor die weg kan kom.

Hierdie toer is nie veeleisend nie, maar toerlede wat nie onafhanklik oor die weg kan kom nie, moet 'n toermaat/familielid saamneem wat hulle kan help en na hulle kan omsien sodat hulle nie heelyd van mede-toerlede afhanklik sal wees of die groep se belange op enige manier benadeel nie.

Basiese riglyne vir toerfiksheid is dat 'n mens onafhanklik in-en-uit 'n toerbus of boot moet kan klim, onafhanklik 'n stel van 15 trappe, insluitend roltrappe, kan klim en ongeveer 1 km op jou eie moet kan stap. 'n Mens moet deurentyd jou eie handbagasie kan hanteer en bereid wees om jou groot (inweeg)tas by jou hotelkamer te besorg indien daar nie bagasiediens beskikbaar is nie. U moet bereid wees om op eie koste 'n huurmotor te gebruik indien 'n besoekpunt tydens die toer vir u te ver is om te stap. Indien u nie aan hierdie riglyne voldoen nie, MOET u iemand saamneem wat na u kan omsien.

## UITTREKSELS UIT DANKBRIEWE

We would like to express our grateful thanks for what must have been our best holiday ever. We never dreamed that an organised tour could be so wonderful. We cannot commend too highly the organisation and presentation of the tour – accommodation and service at both hotel and boat were outstanding, the tours were wonderfully managed and we at no time felt rushed or under pressure. If we are ever fortunate enough to undertake an organised tour, it will only be with Christine van Wyk Tours!!

*Jim and Joan Douglas – George*

'n Mens kan nie in woorde die onvergeetlike ervaring beskryf nie. Ja, 'n mens kan op 'n bootvaart gaan en mooi dinge sien, maar dit was nie 'n boottoer nie!! Dit was meer as dit – dit was 'n ervaring van eenheid, vriendskap, geselligheid en liefde. Dit was vir 'n paar weke 'n ervaring van hemel op aarde!

*David Rowles – Kampsbaai*

Baie dankie vir 'n besondere vakansie. Ek is jammer dat ek Christine van Wyk-toere nie lankal reeds ontdek en ondervind het nie en sal in die toekoms graag weer saam met u gaan.

*Pieter en Esmé de Jager – Equestria*

Ons het die vakansie werklik baie geniet en veral omdat die organisasie so puik was. Van die eerste brief tot die laaste groet op die lughawe het ons die ondervinding gehad dat aan elke 'detail' aandag gegee is en goed vooruit beplan is. "The attention to detail" was na ons mening die uitstaande kenmerk van jul organisasie van die toer. 'n Mens het te alle tye geweet wat volgende gaan gebeur en dat daar een van die toerleiers naby sal wees om hand by te sit of om raad en leiding te gee. Die inligting en staaltjies het elke dorpie en kasteel langs die Ryn laat lewe en 'n besondere betekenis gegee. Baie dankie aan die kantoordames wat gehelp het met raad nog voordat ons vertrek het.

*Chris en Francia Hönck – Farrarmere*

Ons eerste ervaring van Christine van Wyk-toere was onvergeetlik! Die Afrikaanse atmosfeer, Christelike aanslag en boere-vriendelikheid maak u toere baie spesiaal. Ons sal sommer al u toere wil meemaak!

*Dirk en Hendrika Lourens – Strand*

Dankie vir julle almal se aandeel in 'n onvergeetlike Ryntoer. Dit was georganiseerd met goed-geoliede reëlings, gawe, goed-opgeleide, vriendelike en verdraagsame toerleiers. Daar was ook genotvolle etes en gerieflike verblyf. Wat ons veral beïndruk het, is dat elke toerlid soos 'n eregas behandel is en baie spesiaal versorg word.

*Igna en Mala Klynsmith – Rustenburg*

Dankie vir 'n besonderse toer. Daar is net een groep saam met wie 'n mens ALLES kry op 'n toer en dit is Christine van Wyk-Toere.

*Werner en Amanda Engelbrecht – Kleinzee*

*Duisend dankies vir die wonderlike geleentheid om deel te kon wees van so 'n besondere en goed georganiseerde toer. Ons het elke oomblik daarvan geniet, nuwe vriendskappe gesmee en twee groot tasse vol wonderlike herinneringe en honderde foto's saamgebring huis toe. Al het ons albei die Ryn-omgewing geken, was dit 'n onvergeetlike ervaring en werklik aan te beveel vir oud en jonk! Die Christelike basis waarop die toer gefundeer is, maak dit iets spesiaals en kosbaars.*

*Dr Barbel Haldenwang – Durbanville*

Baie dankie vir 'n wonderlike en onvergeetlike toer. Baie seën, liefde en vrede vir julle almal by Christine van Wyk-Toere. "Success is when you look back at your life and the memories make you smile".

*Johan en Magda Griesel – Mosselbaai*

Hierdie Ryntoer was sowaar 'n ongelooflike hoogtepunt in ons lewe. Ons het elke oomblik geniet en was so beïndruk met die algehele organisasie en met al die wonderlike dinge wat ons gesien en beleef het. Ons gaan regtig weer 'n Christine van Wyk-Toer meemaak.

*Werner en Adél Klerck – Centurion*

Dankie vir 'n wonderlike en fantastiese Ryntoer. Alles het so goed verloop en ons het elke dag geweet waarheen ons gaan en wat ons gaan beleef. Die inligting wat aan ons deurgegee is, was insiggewend en baie volledig. Julle het sommer diep in ons harte gekruip en voel ons soos familie.

*Coen en Julie Havenga – Johannesburg*

Dankie vir 'n onvergeetlike toer – ons het as ryper mense teruggekeer wat liggaamlik en geestelik vernuwe is. Die toer was in alle opsigte uiters geslaag. Dit was vir ons 'n ervaring van 'n leeftyd. Die toerlede was elkeen spesiaal en ons het blywende vriendskappe gesmee.

*Chris en Surita Liebenberg – Faerie Glen, Pretoria*